Koue Bokkeveld OPLEIDING SENTRUM

10 NOVEMBER 2026 GEMEENSKAPSONTWIKKELING BRIEF

GEMEENSKAPSDAGBOEK

Datum Usuku	Afsny datum	Geleentheid Inkqubo	Lokaal Indawo	Tyd Ixesha	Kostes Ixabiso
4-6 Des	24 Nov	Gr. 7 Kamp	Boy Muller	15:00	R 1000 per leerder
7-8 Des	24 Nov	Tuinbou kompetisie	Op die plaas	Verskeie tye	R 70 per persoon

GEMEENSKAPSNUUS / IINDABA ZOLUNTU

2026 Wes-Kaapse Prestige Agri toekennings

Saterdag, 7 November, het die 2026 Wes-Kaapse Prestige Agriwerker-toekennings plaasgevind, en ons deelnemers het behoorlik geskitter! Tydens vanjaar se kompetisie het 1380 deelnemers regoor die Wes-Kaap deelgeneem.

Baie geluk aan elkeen wat deurgedring het na die provinsiale kompetisie. Julle harde werk, toewyding en uitstekende prestasies maak ons ongelooflik trots!

Baie geluk aan ons provinsiale wenners:

BESPROEIING: 1ste plek: Ricardo-Lee Franse – De Hoop, De Keur

DRYWER: 1ste plek: Gerrit Komail – Paardekloof, Du Toit

SOSIALE ONTWIKKELING: 2de plek: Mpumi Samuel Mvinjelwa – Verdun Estates

ADMINISTRATIEWE PERSONEEL: 2de plek: Pauwcia Afrika – Romansrivier, Graaff-Fruit

MIDDELBESTUUR: 3de plek: Justin Baartman – Romansrivier, Graaff-Fruit

BESTE POTENSIAAL: 2de plek: Ricardo-Lee Franse- De Hoop, De Keur

Julle is 'n bewys van die talent, harde werk en potensiaal wat in ons landbougemeenskap leef.

Ons is ongelooflik trots op elkeen van julle! Baie geluk!

Hierdie prestasies is 'n weerspieëling van elke individu se harde werk en toewyding asook van die talent, potensiaal en voortdurende ontwikkeling binne ons eie Witzenbergstreek. Dit wys wat moontlik is wanneer mense die geleentheid kry om te groei, hul vaardighede te ontwikkel en hul vermoëns ten toon te stel.

Ons is trots op ons deelnemers, ons wenners en die bydrae wat hulle lewer tot 'n sterker landbousektor in die Witzenberg!

AMABHASO E-PRESTIGE AGRI EPHONDO LENTSHONA KOLONI KA-2026

NgoMgqibelo, umhla wesi-7 kuNovemba, kubanjwe umsitho wamaBhaso ePrestige Agriworker wePhondo leNtshona Koloni ka-2026, apho abathathi-nxaxheba bethu beqaqambe khona!

Sivuyisana naye wonke umntu ophumeleleyo ukuya kukhuphiswano lwephondo. Ukusebenza kwenu nzima, ukuzinikela kunye nempumelelo yenu encomekayo kusenza sizingce kakhulu!

Sivuyisana nabaphumeleleyo bethu kwinqanaba lephondo:

UKUNKCEKCESHELA IZITYALO (IRRIGATION): Indawo yoku-1: Ricardo-Lee Franse – De Hoop, De Keur

UMQHUBI (DRIVER): Indawo yoku-1: Gerrit Komail – Paardekloof, Du Toit

UPHUHLISO LOLUNTU (SOCIAL DEVELOPMENT): Indawo yesi-2: Mpumi Samuel Mvinjelwa – Verdun Estates

ABASEBENZI BOLAWULO (ADMINISTRATIVE PERSONNEL): Indawo yesi-2: Pauwcia Afrika – Romansrivier, Graaff-Fruit

ABAPHATHI ABAKWINQANABA ELIPHANTSI NELIPHAKAMILEYO (MIDDLE MANAGEMENT): Indawo yesi-3: Justin Baartman – Romansrivier, Graaff-Fruit

AWONA MANDLA OKUPHUMELELA (BEST POTENTIAL): Indawo yesi-2: Ricardo-Lee Franse – De Hoop, De Keur

Ningumzekelo wetalente, ukusebenza nzima kunye namandla okuphumelela akhoyo kuluntu lwethu lwezolimo.

Siyazingca kakhulu ngamnye wenu! Sivuyisana nani!

Ezi mpumelelo azibonisi nje kuphela ukusebenza nzima nokuzinikela komntu ngamnye, kodwa zikwabonakalisa italente, amandla okuphumelela kunye nophuhliso oluqhubekayo kwingingqi yethu yaseWitzenberg. Zibonisa oko kunokwenzeka xa abantu benikwa amathuba okukhula, ukuphuhlisa izakhono zabo kunye nokubonakalisa amandla abo.

Siyazingca ngabathathi-nxaxheba bethu, abaphumeleleyo kunye negalelo abalenzayo ekwakheni icandelo lezolimo elomeleleyo ngakumbi eWitzenberg!

Sp(i)eel Collective: Jeug inisiatief

Ons is baie opgewonde om **Spieel Collective Arts Therapy** as ’n nuwe inisiatief vir hoërskoolleerders tussen die ouderdomme van 13 en 18 jaar bekend te stel. Deur middel van kreatiewe kunsterapie kry jongmense die geleentheid om hulself uit te druk, emosies te verken, selfbewustheid te ontwikkel en nuwe maniere te ontdek om uitdagings te hanteer.

Belangrike datums en inligting:

- **Inskrywings open:** 27 Oktober
- **Inskrywings sluit:** 27 November
- **Onderhoude:** Leerders wat aansoek doen en na die tweede rondte deurdring, moet asseblief beskikbaar wees vir ’n onderhoud gedurende die week van 30 November tot 3 Desember.
- **Oriëntering:** Leerders wat gekeur word, sal 10 Desember ’n oriënteringsessie bywoon.
- **Sessies:** Die program behels werkswinkels wat vroeg in Januarie, op Saterdae en gedurende die April-skoolvakansie sal plaasvind.

Alle sessies sal by die sentrum aangebied word. Sentrale vervoer sal vanaf Hamlet en Ceres na die sentrum en terug beskikbaar wees.

Belangrik: Leerders moet toegewyd wees en bereid wees om die volle werkswinkels by te woon.

Onvoltooide aansoekvorms word outomaties uitgegooi. Die antwoorde op die aansoekvorms moet die leerder se eie woorde wees. Slegs **25** plekke is beskikbaar. Aansoekvorms aangeheg. **Stuur terug na landi@kbos.co.za**

Sp(i)eel Collective: Inkqubo yoLutsha

Sichulumancile kakhulu ukwazisa nge-**Spieel Collective Arts Therapy**, inyathelo elitsha elijolise kubafundi bezikolo eziphakamileyo abaphakathi kweminyaka eli-13 ne-18 ubudala. Ngonyango lobugcisa bokuyila, ulutsha luya kufumana ithuba lokuziveza, ukuphonononga iimvakalelo zalo, ukuphuhlisa ukuzazi nokuqonda iziqu zalo, kunye nokufumanisa iindlela ezintsha zokujongana nemingeni yobomi.

Imihla ebalulekileyo nolwazi:

· **Ukuvulwa kwezicelo:** 27 Oktobha
· **Ukuvalwa kwezicelo:** 27 Novemba
· **Udliwano-ndlebe:** Abafundi abafake izicelo nabaphumelelayo ukuya kwinqanaba lesibini kufuneka bafumaneke kudliwano-ndlebe phakathi kweveki yomhla wama-30 Novemba ukuya kumhla wesi-3 Disemba.
· **Ukuqhelaniswa nenkqubo:** Abafundi abaya kukhethwa baya kuzimasa iseshoni yokuqhelaniswa nale nkqubo ngoDisemba.
· **Iiseshoni:** Le nkqubo iza kubandakanya iindibano zocweyo eziza kuqhutywa ekuqaleni kukaJanuwari, ngeMigqibelo nangeholide yesikolo ka-Epreli.

Zonke iiseshoni ziya kubanjelwa kwiziko lethu. Uthutho luya kulungiselelwa ukusuka eHamlet naseCeres ukuya kwiziko lethu nokubuyela emva.

Kubalulekile: Abafundi kufuneka bazimisele kwaye bazibophelele ekuthatheni inxaxheba kuzo zonke iindibano zocweyo ezicwangcisiweyo.

Landeleni iileta zethu kunye namakhasi ethu onxibelelwano lwentlalo ukuze nifumane iinkcukacha ezithe vetshe ngeli thuba linika umdla!



Graad 7 kamp

Dis weer tyd vir ons Graad 7 Kamp van 4–6 Desember 2026!

Die oorgang na Graad 8 bring nuwe uitdagings. Ons kamp bied aan leerders ’n veilige, praktiese ruimte om hulself voor te berei op groepsdruk, middelmisbruik, verantwoordelike selfoongebruik en die aanpassing van laerskool na hoërskool; terwyl hulle nuwe vriendskappe bou en sommer ook baie pret het.

Die koste is R1 000 per leerder, maar ons poog om borgskappe/ gedeeltelike borgskappe te bekom sodat finansies nie ’n struikelblok hoef te wees nie.

Ons vra skole om verdienstelike Graad 7-leerders wie se ouers op ons ledeplase werk, te identifiseer. Ons sal plase binnekort nader oor wie is genomineer. Plase is ook welkom om addisioneel leerders in te skryf. Kontak vir Landi.

Ikampu yeBanga lesi-7

Lifikile kwakhona ixesha lenkampu yethu yeBanga lesi-7, eza kubanjwa ukususela ngomhla we-4 ukuya kowesi-6 kuDisemba 2026!

Ukufudukela kwiBanga lesi-8 kuzisa imingeni emitsha. Inkampu yethu ibonelela abafundi ngendawo ekhuselekileyo nenamava asebenzayo apho banokulungiselela ukujongana nengcinezelo yoontanga, ukusetyenziswa gwenxa kweziyobisi notywala, ukusetyenziswa kweeselfowuni ngendlela enoxanduva, kunye nokuziqhelanisa notshintsho olusuka kwisikolo samabanga aphantsi ukuya kwisikolo samabanga aphakamileyo. Kwangaxeshanye, baya kufumana ithuba lokwakha ubuhlobo obutsha baze bonwabe kakhulu.

Iindleko yi-R1 000 ngomfundi ngamnye. Nangona kunjalo, sizama ukufumana inkxaso-mali epheleleyo okanye eyinxenye ukuze iindleko zingabi ngumqobo ekuthatheni inxaxheba.

Sicela izikolo ukuba zichonge abafundi beBanga lesi-7 abafanele eli thuba, nabazali babo abasebenza kwiifama ezingamalungu ethu. Siza kuqhagamshelana neefama kungekudala ukuze sizazise ngabafundi abatyunjiweyo.

Iifama nazo zamkelekile ukuba zibhalise abanye abafundi ukongeza kwabo batyunjiweyo. Ngolwazi oluthe vetshe, nceda uqhagamshelane noLandi.

Sportdag

Weens Boland-rugby sal ons ongelukkig nie ons Sportdag op 28 November kan aanbied nie. Die Sportdag word dus na vroeg in 2027 uitgestel. Die GOB’s sal hierdie week tydens hul kleingroepbyeenkomste die geleentheid kry om aan te dui watter datum vroeg in 2027 vir hulle die beste sal pas.

Usuku lweMidlalo

Ngenxa yemidlalo yombhoxo yeBoland, ngelishwa asizukwazi ukubamba uSuku lwethu lweMidlalo ngomhla wama-28 kuNovemba. Ngoko ke, uSuku lweMidlalo luya kuhlehliselwa ekuqaleni kuka-2027. Ii-GOB ziya kufumana ithuba kule veki, ngexesha leentlanganiso zamaqela amancinci, lokucebisa ngomhla ofanelekileyo ekuqaleni kuka-2027.

Tuinbou kompetisie

Ons hoop julle hande was al lekker in die grond, die groente is geplant en julle tuine is reg om vanjaar se kompetisie aan te pak!

Ons sien daarna uit om julle harde werk en pragtige groente- en blomtuine te sien tydens die kompetisie op **7–8 Desember**.

Maak seker julle skryf betyds in. Sien asseblief die aangehegte inskrywingsvorm vir meer besonderhede.

UKHUPHISWANO LWEZITIYA NEZITYALO

Siyathemba ukuba sele nizifakile izandla emhlabeni, natyala imifuno yenu, kwaye iigadi zenu zilungile ukuthatha inxaxheba kukhuphiswano lwalo nyaka!

Sijonge phambili ekuboneni umsebenzi wenu onzima kunye neegadi zenu ezintle zemifuno neentyatyambo ngexesha lokhuphiswano oluza kubanjwa ngomhla we-**7–8 kuDisemba**.

Qinisekisani ukuba niyabhalisa kwangethuba. Ncedani nijonge ifomu yobhaliso eqhotyoshelweyo ukuze nifumane iinkcukacha ezithe vetshe.

GOB JAARAFSLUITING 2026

Ons sluit die jaar op 'n lekker manier af! Vanjaar vind ons jaarlikse GOB-afsluiting op **12 Desember 2026** in **Hawston**.

Die koste beloop **R390 per persoon**, wat die volgende insluit:

- Vervoer
- Toegangsfooi
- Etes

Neem asseblief kennis dat **slegs kontantbetalings** aanvaar word. Alle betalings moet asseblief **teen 30 November 2026** by Landi ingehandig word.

Ons sien uit na 'n heerlike dag saam!

UMGUBHO WOKUVALA UNYAKA WE-GOB KA-2026

Siza kuwuvala unyaka ngendlela emnandi! Kulo nyaka, umsitho wethu wonyaka wokuvala we-GOB uza kubanjelwa e **Hawston ngomhla we-12 kuDisemba 2026.**

Iindleko ziyi **R390 ngomntu ngamnye**, ezibandakanya:

- Ezothutho
- Imali yokungena
- Ukutya

Ncedani niqaphele ukuba **iintlawulo zamkelwa ngemali ezinkozo kuphela (cash).** Zonke iintlawulo kufuneka zinikezelwe kuLandi **ungadlulanga umhla wama-30 kuNovemba 2026.**

Sijonge phambili ekuchitheni usuku olumnandi sikunye!

AA

Daar is Saterdag, 14 November AA by die sentrum. Kom woon dit by.

Gedagte vir die week



Vriendelike groete,
Die Gemeenskapsontwikkeling span


Men on the Move
bied aan: SANGAAND
SANGAAND
Plek: Dankbaar Saal
Datum: 14 November 2026
Tyd: 19:00
R30
Volwassenes
R10
Kinders
Kom en loof die Here
saam met ons